RA PROSEDURE 1/2018

GEPROMULGEER DEUR	**:**	***REGSADVISEUR***
INWERKINGTREDING	**:**	**10 APRIL 2019**
NAVRAE	**:**	**REGSADVISEUR**
VAN TOEPASSING OP	**:**	**ALLE ATNS-WERKNEMERS**

HANDLEIDING IN OOREENSTEMMING MET DIE WET OP BEVORDERING VAN TOEGANG TOT INLIGTING, 2000 (NO. 2 VAN 2000)(WBTI)

1. INLEIDING

1.1 Hierdie inligtingshandleiding ("die handleiding") is gepubliseer ingevolge artikel 14 van die Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting, no. 2 van 2000 (die "Wet"). Die Wet gee uitvoering aan die bepalings van artikel 32 van die Grondwet wat die reg op toegang tot inligting verleen wat deur die staat gehou word en tot inligting wat deur 'n ander persoon gehou word wat vir die uitoefening en/of beskerming van enige regte benodig word.

1.2 Die reg op toegang tot inligting is onderworpe aan sekere regverdigbare beperkings, insluitend, maar nie beperk nie tot beperkings wat verband hou met die redelike beskerming van privaatheid, handelsvertroulikheid en ook effektiewe, doeltreffende en goeie beheer, soos in artikel 9(b)(i) beoog word.

1.3 Die doel van die Wet is om 'n kultuur van deursigtigheid en toerekenbaarheid in sowel die openbare as privaat sektore te bevorder deur aan elke persoon die reg tot toegang tot inligting te verskaf ten einde hulle in staat te stel om al hul regte ten volle uit te oefen en beskerm.

1.4 Die Wet vereis dat openbare en privaat liggame 'n handleiding saamstel wat inligting bevat soos uiteengesit in artikel 14 van die Wet.

2. DOEL VAN DIE HANDLEIDING

Die doel van hierdie handleiding is om die prosedures wat gevolg moet word en die kriteria waaraan almal moet voldoen, uiteen te sit indien enigeen (die "aanvraer") toegang tot rekords versoek wat in besit of onder beheer van die Lugverkeer- en Navigasiediensmaatskappy (Air Traffic and Navigation Services Company) (ATNS) is.

3. OMSKRYWINGS

"Aanvraer" is enige persoon wat 'n versoek rig vir toegang tot 'n rekord wat onder beheer van ATNS is.

"Ander aanvraer" is enige aanvraer buiten a persoonlike aanvraer.

"Derde party" is 'n natuurlike of regspersoon buiten die aanvraer of party wat namens die aanvraer optree.

"Inligtingsbeampte" is 'n persoon of persone wat namens ATNS optree wat verantwoordelik is om pligte en verantwoordelikhede na te kom wat aan die hoof- uitvoerende beampte of

Air Traffic and Navigation Services SOC Limited
Company Reg. No. 1993/004150/06
ISO 9001 certified

Eastgate Office Park, Block C,
South Boulevard Road, Bruma
Private Bag X15, Kempton Park 1620
Tel +27 11 607 1000 | Fax +27 11 607 1570
www.atns.com

Directors: S Thobela (Chairman)
T Kgokolo (Interim - Chief Executive Officer),
KN Vundla, LN Ngema, ZG Myeza, JC Trembath
S Badat, KS Boqwana, N Kubheka, CR Burger
Acting - Chief Financial Officer: JM Mohlolola
Company Secretary: S Mngomezulu

gelykwaardige beampte toegewys is, soos voorgeskryf ingevolge die Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting en kan die adjunkinligtingsbeampte insluit.

"Organisasie" is die Lugverkeer- en Navigasiediensmaatskappy Beperk (Air Traffic and Navigation Services Company SOC Limited) (ATNS).

"Persoonlike aanvraer" is 'n aanvraer wat toegang tot 'n rekord wil hê wat persoonlike inligting oor die aanvraer bevat.

"Werknemer" is enige persoon wat vir die organisasie werk of dienste aan of namens die organisasie verskaf en vergoeding ontvang of daarop geregtig is om vergoeding te ontvang en enige ander persoon wat help om die werksaamhede van die organisasie te verrig en wat 'n skriftelike dienskontrak met ATNS het.

4. BESKIKBAARHEID VAN DIE HANDLEIDING

Hierdie handleiding kan op ons webwerf by www.atns.co.za verkry word of deur 'n afskrif per e-pos by die betrokke adjunkinligtingsbeampte te versoek, waarvoor voorsiening gemaak word in paragraaf 6 hieronder. Die handleiding kan ook verkry word by die Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie.

5. WERKSAAMHEDE EN STRUKTUUR VAN ATNS

5.1 Die Suid-Afrikaanse regering, deur die Departement van Vervoer, is die alleenaandeelhouer van ATNS en dus is ATNS gestig kragtens artikel 2 van die Lugverkeer- en -navigasiedienstemaatskappywet, 45 van 1993. Dit is 'n skedule 2 openbare entiteit ingevolge die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1 van 1999.

5.2 Die oogmerk van ATNS is verkryging, vestiging, ontwikkeling, verskaffing, instandhouding, bestuur, beheer of werking van lugnavigasie-infrastruktuur, lugverkeersdienste of lugnavigasiedienste.

5.3 ATNS is die alleenverskaffer van lugverkeerbestuur, kommunikasie, waarneming, navigasie, opleiding en verwante dienste in Suid-Afrika. ATNS bestuur tien persent van die wêreld se lugruim. ATNS streef daarna om deurlopend 'n veilige lugruim, ordelike, vinnige en doeltreffende bestuur van lugverkeerbestuursdienste te verskaf. Die maatskappy werk by 21 vliegvelde in die land, insluitend OR Tambo, Kaapstad en Durban se internasionale lughawens.

5.4 Op die res van die Afrika kontinent verskaf ATNS onder andere lugvaartsatelliete, kommunikasienetwerke bekend as VSAT-netwerke, WGS 84-opnames, dokumentasie, lugruimontwerp, AIP-dokumentasie, faktureringdienste en konsultasiedienste.

5.5 Die dienste wat verskaf word, strek van Kaapstad tot Kaïro wat meer as 33 state in Afrika en die Midde-Ooste met mekaar verbind. ATNS se akademie verskaf opleiding aan studente uit Suid-Afrika en ander Afrikalande oor lugvaartinligtingsdienste.

5.6 ATNS het 'n direksie wat ATNS se sake bestuur en beheer oor die verrigting van sy werksaamhede, die uitoefening van sy magte en die uitvoering van sy pligte uitoefen. Die direksie het sekere magte toegewys aan die hoof- uitvoerende beampte wat verantwoordelik vir die algemene bestuur van ATNS is.

Air Traffic and Navigation Services SOC Limited
Company Reg. No. 1993/004150/06
ISO 9001 certified

Eastgate Office Park, Block C,
South Boulevard Road, Bruma
Private Bag X15, Kempton Park 1620
Tel +27 11 607 1000 | Fax +27 11 607 1570
www.atns.com

Directors: S Thobela (Chairman)
T Kgokolo (Interim - Chief Executive Officer),
KN Vundla, LN Ngema, ZG Myeza, JC Trembath
S Badat, KS Boqwana, N Kubheka, CR Burger
Acting - Chief Financial Officer: JM Mohlola
Company Secretary: S Mngomezulu

5.7 ATNS bestaan uit die volgende afdelings:

- Ingenieurs- en Tegniese Dienste
- Bedryf
- Lugverkeerbestuur
- Handelsdienste
- Risiko
- Regs en Voldoening
- Menskapitaal
- Finansies

6. INLIGTINGSBEAMPTE EN ADJUNKINLIGTINGSBEAMPTES

6.1 Ingevolge die Wet is die hoof- uitvoerende beampte van 'n openbare liggaam outomaties die aangewese hoofinligtingsbeampte.

6.2 Die inligtingsbeampte het benoem:

Adjunkinligtingsbeamptes: Regsadviseur
E-posadres: legalrequest@atns.co.za

Maatskappysekretaris

Hoofinligtingsbeampte

Senior Bestuurder: Bemarking en Kommunikasie

Om egter behoorlike verwerking van versoeke te verseker, moet alle versoeke vir inligting aan die Regsadviseur gerig word.

7. KONTAKBESONDERHEDE

7.1 Die ATNS-kantoor is in Eastgate Office Park in Bruma, Johannesburg geleë. Die hoofkantoor hanteer alle versoeke vir toegang tot inligting met betrekking tot alle kantore en takke van ATNS.

Fisiese adres:	Eastgate Office Park Blok C South Boulevard-weg Bruma, 2198, Gauteng, Suid-Afrika
Posadres:	Privaat Sak X15 Kempton Park 1620
Besigheidstelefoon:	+27 11 607 1000
Faks.:	+27 11 607 1570
Webwerfadres:	www.atns.co.za

Air Traffic and Navigation Services SOC Limited
Company Reg. No. 1993/004150/06
ISO 9001 certified

Eastgate Office Park, Block C,
South Boulevard Road, Bruma
Private Bag X15, Kempton Park 1620
Tel +27 11 607 1000 | Fax +27 11 607 1570
www.atns.com

Directors: S Thobela (Chairman)
T Kgokolo (Interim - Chief Executive Officer),
KN Vundla, LN Ngema, ZG Myeza, JC Trembath
S Badat, KS Boqwana, N Kubheka, CR Burger
Acting - Chief Financial Officer: JM Mohlola
Company Secretary: S Mngomezulu

8. SUID-AFRIKAANSE MENSEREGTEKOMMISSIE (MRK) SE GIDS VIR DIE WET

Ingevolge artikel 10 van die Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting, 2 van 2000, het die Menseregtekommissie 'n gids oor die gebruik van WBTI saamgestel. Navrae rakende die gids moet aan die Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie gerig word waarvan die kontakbesonderhede soos volg is:

Posadres:	Die Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie Eenheid van die Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting Die Departement Navorsing en Dokumentasie Privaat Sak 2700 Houghton 2041
Telefoon:	+27 11 484 8300
Faks.:	+27 11 484 0582
Webwerf:	www.sahrc.org.za
E-pos:	paia@sahrc.org.za

9. WYSE VAN AANVRAAG

9.1 ATNS kan beskou word as sowel 'n openbare liggaam as 'n privaat liggaam afhangende van die rekord waartoe toegang verlang word.

9.2 ATNS sal as 'n openbare liggaam beskou word indien die rekords verband hou met of tersaaklik is vir die uitoefening van mag of die verrigting van 'n werksaamheid ingevolge wetgewing of die Stigtingswet. Alle gereguleerde dienste val in hierdie kategorie.

9.3 ATNS sal as 'n privaat liggaam beskou word indien die rekord wat aangevra word, verband hou met die uitoefening van 'n mag of die verrigting van 'n funksie van 'n privaat liggaam. Werknemerverwante kwessies val in hierdie kategorie.

9.4 Alle versoeke vir toegang tot inligting wat met ATNS as 'n openbare liggaam verband hou, word hanteer ingevolge artikel 11 van die Wet. Enige ander ongereguleerde dienste word hanteer ingevolge artikel 50 van die Wet, aangesien dit verband hou met rekords van ATNS in 'n hoedanigheid as privaat liggaam.

10. PROSEDURE OM TOEGANG TOT INLIGTING TE VERSOEK

10.1 Die aanvraer moet 'n voorgeskrewe vorm (Vorm A) invul en 'n versoek na die inligtingsbeampte stuur. Die aanvraer moet aandui of die versoek vir 'n afskrif van die rekord is of besigtiging van die betrokke rekord. "Vorm A" is verkrygbaar by Goewermentskennisgewing R187 gedateer 15 Februarie 2002.

10.2 Indien die aanvraer toegang tot 'n spesifieke vorm versoek, word toegang verleen op die wyse wat die versoek gerig is, tensy, indien dit so gedoen word, dit onredelik met die bedryf van die openbare liggaam sal inmeng, indien dit kopiereg wat nie deur die openbare liggaam besit word nie, sal skend of indien dit die rekord sal beskadig.

Air Traffic and Navigation Services SOC Limited
Company Reg. No. 1993/004150/06
ISO 9001 certified

Eastgate Office Park, Block C,
South Boulevard Road, Bruma
Private Bag X15, Kempton Park 1620
Tel +27 11 607 1000 | Fax +27 11 607 1570
www.atns.com

Directors: S Thobela (Chairman)
T Kgokolo (Interim - Chief Executive Officer),
KN Vundla, LN Ngema, ZG Myeza, JC Trembath
S Badat, KS Boqwana, N Kubheka, CR Burger
Acting - Chief Financial Officer: JM Mohlolola
Company Secretary: S Mngomezulu

10.3 Indien, benewens 'n skriftelike respons op die versoek, die aanvraer telefonies ingelig wil word, moet dit op die aanvraagvorm aangedui word.

10.4 Indien die aanvraer namens 'n ander persoon toegang versoek, moet die hoedanigheid waarin die aavraer die versoek rig, aangedui word.

10.5 Indien die aanvraer nie kan skryf of lees nie, of 'n gestremdheid het, kan 'n versoek mondeling gerig word. Die inligtingsbeampte sal so 'n aanvraer help om 'n vorm namens die aanvraer in te vul en vir hom/haar 'n afskrif gee.

11. OORWEGING VAN DIE VERSOEK

11.1 Onderworpe aan die bepalings van die Wet, sal toegang tot rekords wat van ATNS versoek word net gegee word indien die volgende voorwaardes nagekom word:

- Al die prosedurele vereistes wat in die Wet uiteengesit is wat met 'n versoek verband hou, moet nagekom word.
- Toegang tot die rekord/s wat versoek is, word nie geweier ingevolge enige gronde vir weiering wat in die Wet uitgeengesit is nie.

Die gronde van weiering word in Deel 2 van Hoofstuk 4 en Deel 3 van Hoofstuk 4 uiteengesit en sluit verpligte beskerming in van:

- handelsinligting van 'n derde party;
- sekere vertroulike inligting;
- veiligheid van individue en beskerming van eiendom;
- rekords vrygestel van produksie in geregtelike verrigtinge;
- ekonomiese belange en finansiële welstand van die Republiek en handelsaktiwiteite van openbare liggame;
- navorsingsinligting van 'n derde party en beskerming van navorsinginligting van 'n openbare liggaam; of
- sekere inligting aangaande die werksaamhede van openbare liggame.

11.2 ATNS kan ook versoeke weier wat sigbaar beuselagtig en kwelsugtig is of wat tot 'n aansienlike en onredelike verspilling van hulpbronne lei.

11.3 Ingevolge die Internasionale Burgerlike Lugvaartorganisasie ("IBLO"), Bylaag 13, paragraaf 8.3, mag sekere rekords nie openbaar gemaak word nie en ATNS sal dit in aanmerking neem wanneer 'n versoek gerig word. IBLO, Bylaag 13, paragraaf 8.3 stel dit soos volg:

- Die staat wat die ondersoek van 'n ongeluk of insident doen, stel nie die volgende rekords beskikbaar vir doeleindes behalwe ongeluk- en insidentondersoeke nie, tensy die betrokke owerheid vir die administrasie van geregtigheid in daardie staat bepaal dat hul openbaarmaking swaarder weeg as die nadelige binnelandse en internasionale uitwerking wat so 'n handeling daarop of enige toekomstige ondersoeke kan hê.
- Alle verklarings wat afgeneem word van persone deur die ondersoekowerhede tydens hul ondersoek.
- Alle kommunikasie tussen persone wat betrokke was by die werking van die vliegtuig.
- Alle stuurkajuitopnames en -transkripsies van sulke opnames.
- Opnames en transkripsies van sulke opnames van lugverkeereenhede.

Air Traffic and Navigation Services SOC Limited
Company Reg. No. 1993/004150/06
ISO 9001 certified

Eastgate Office Park, Block C,
South Boulevard Road, Bruma
Private Bag X15, Kempton Park 1620
Tel +27 11 607 1000 | Fax +27 11 607 1570
www.atns.com

Directors: S Thobela (Chairman)
T Kgokolo (Interim - Chief Executive Officer),
KN Vundla, LN Ngema, ZG Myeza, JC Trembath
S Badat, KS Boqwana, N Kubheka, CR Burger
Acting - Chief Financial Officer: JM Mohlola
Company Secretary: S Mngomezulu

- Menings wat geopper is in die ontleding van inligting, insluitend vlugopnemerinligting.

12. GELDE BETAALBAAR

12.1 Die Wet maak voorsiening vir twee tipes gelde, naamlik voorgeskrewe geld en toegangsgeld, wat aan ATNS vir toegang tot 'n rekord betaal moet word.

12.2 'n Persoonlike aanvraer hoef nie aanvraaggeld te betaal nie.

12.3 Vereiste voorgeskrewe gelde is betaalbaar vir enige versoek indien die aanvraer nie 'n rekord versoek wat sy/haar persoonlike inligting bevat nie. Die adjunkinligtingsbeampte, of behoorlik gemagtigde persoon, sal die aanvraer in kennis stel, voor die verwerking van die versoek, om die voorgeskrewe gelde te betaal.

12.4 Die aanvraaggeld betaalbaar aan openbare liggame is soos in Bylaag A uiteengesit, betaalbaar by indiening van elke aansoek. Hierdie gelde is nie terugbetaalbaar nie. "Bylaag A" is verkrygbaar by Goewermentskennisgewing R187 gedateer 15 Februarie 2002 DEEL II (Gelde ten opsigte van Openbare Liggame).

12.5 Nadat die inligtingsbeampte 'n besluit oor die versoek geneem het, sal die aanvraer van so 'n besluit in kennis gestel word en verdere toegangsgeld vir die soektog, voorbereiding, reproduksie en vir enige tyd wat die voorgeskrewe tyd oorskry het om die rekord die soek en voorberei, betaal moet word.

13. REKORDS WAT DEUR ATNS GEHOU WORD

13.1 Rekords beskikbaar by ATNS sonder dat 'n persoon toegang hoef te versoek ingevolge die Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting (Vrywillige openbaarmaking en outomaties beskikbare rekord)

Die jaarverslag van ATNS (die jaarverslag kan van die ATNS-webwerf by www.atns.co.za afgelaai word), algemene inligting, diensinligting en ATNS se brosjure is op ATNS se webwerf beskikbaar.

13.2 Beskrywing van onderwerpe en kategorieë wat deur ATNS gehou word

Die volgende rekords is beskikbaar, maar die openbaarmaking daarvan vind nie outomaties plaas nie en is onderworpe aan Hoofstuk 3 van die Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting. Elke versoek sal op 'n geval-tot-geval-grondslag in ooreenstemming met die bepalings van die Wet geëvalueer word.

- Finansiële rekords
- Bedryfsrekords
- Lugverkeer- en bestuursrekords
- Ingenieursrekords
- Interne korrespondensie
- Interne beleide, riglyne en prosedures
- Statutêre rekords
- Menslikehulpbronrekords

Air Traffic and Navigation Services SOC Limited
Company Reg. No. 1993/004150/06
ISO 9001 certified

Eastgate Office Park, Block C,
South Boulevard Road, Bruma
Private Bag X15, Kempton Park 1620
Tel +27 11 607 1000 | Fax +27 11 607 1570
www.atns.com

Directors: S Thobela (Chairman)
T Kgokolo (Interim - Chief Executive Officer),
KN Vundla, LN Ngema, ZG Myeza, JC Trembath
S Badat, KS Boqwana, N Kubheka, CR Burger
Acting - Chief Financial Officer: JM Mohlola
Company Secretary: S Mngomezulu

13.3 **Dienste en inligting beskikbaar aan die publiek teen betaling**

- Boonstelugruim-bestuur
- VSAT/NAFISAT
- WGS 84-opname
- Lugvaartinligtingsdiensdokumentasie
- Sentrale lugvaartdatabasis
- Faktureringsdienste
- Vlugprosedure-ontwerp
- Lugruimontwerp
- Ingenieursdienste
- Opleiding

14. APPÈLPROSEDURE

14.1 Ingevolge die Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting en die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika het almal 'n reg tot toegang tot inligting wat deur 'n openbare liggaam gehou word, mits sodanige rekord nie in die kategorie van rekords val wat in Hoofstuk 3 verbied word nie.

14.2 Indien die aanvraer van mening is dat die weiering om toegang tot die rekord te verleen onregverdigbaar is, kan hy of sy appèl by die inligtingsbeampte aanteken. 'n Interne appèl moet in die voorgeskrewe vorm binne 60 dae van die besluit aangeteken word. Die appèl moet inligting bevat oor die besluit waarteen geappelleer word, die redes vir die appèl en enige ander inligting wat met die appèl verband hou waarvan die aanvraer kennis dra. Die voorgeskrewe vorm, genoem Kennisgewing van Interne Appèl "Vorm B" is verkrygbaar by Goewermentskennisgewing R187 gedateer 15 Februarie 2002.

14.3 Nadat die interne appèlregsmiddels uitgeput is, kan appèl by 'n geregshof aangeteken word.

15. BYWERKING VAN DIE HANDLEIDING [Artikel 14(3)]

Die handleiding sal jaarliks bygewerk word en sodra die bygewerkte weergawe beskikbaar is, sal dit aan die publiek beskikbaar gestel word op die wyse wat hieronder aangedui word.

16. BESKIKBAARHEID VAN DIE HANDLEIDING [Artikel 14(3)]

Die handleiding sal op die volgende wyse beskikbaar gestel word:

- Van elke pliglewering soos omskryf in artikel 6 van die Wet op Pliglewering 1997.
- Die Engelse weergawe sal in die Staatskoerant gepubliseer word.
- Die handleiding sal op die ATNS-webwerf (http://www.atns.co.za) beskikbaar gestel word.
- Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie.

17. TEN SLOTTE

Die handleiding se doel is om deursigtigheid en toerekenbaarheid te bevorder en om lede van die publiek in staat te stel om hul grondwetlike reg op toegang tot inligting uit te oefen. ATNS sal 'n jaarverslag by die Menseregtekommissie oor die implementering van die Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting indien.

Air Traffic and Navigation Services SOC Limited
Company Reg. No. 1993/004150/06
ISO 9001 certified

Eastgate Office Park, Block C,
South Boulevard Road, Bruma
Private Bag X15, Kempton Park 1620
Tel +27 11 607 1000 | Fax +27 11 607 1570
www.atns.com

Directors: S Thobela (Chairman)
T Kgokolo (Interim - Chief Executive Officer),
KN Vundla, LN Ngema, ZG Myeza, JC Trembath
S Badat, KS Boqwana, N Kubheka, CR Burger
Acting - Chief Financial Officer: JM Mohlola
Company Secretary: S Mngomezulu